Voorsitter: Jimmy Steele
Chairperson: 0824508374
jimmytsteele@gmail.com
Tesourier: Piet Theron
Treasurer: 0631799221
ptheron13@gmail.com
Sekretaris: Gert Jordaan
Secretary: 0823372632
gertjohannes.jordaan@gmail.com


# OUTENIQUA

## NOTULE VAN DIE 4DE TBK VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 19 AUGUSTUS 2025 OM 17:00

1. **VERWELKOMING**
Die Voorsitter open met gebed en verwelkom al die komiteelede by die vergadering.

2. **PRESENSIE** Teenwoordig: Jimmy Steele, Gert Jordaan, Piet Theron, Rudy de Bruyn, Peet Liebenberg en Pat McClintock. Afwesig met verskoning: Harold Terblanche en Wim Louw

3. **LIEF EN LEED** Geen

4. **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN 17 JUNIE 2025**
Die notule word goedgekeur. Voorsteller: Pat McClintock; Sekondant: Rudy de Bruyn. Daar is geen sake voortspruitend uit die notule nie

5. **SAKE VIR BESPREKING**

5.1 KANSA Dag – Pat McClintock sal in beheer staan van die gholfdag. Die komitee besluit dat hierdie dag op 11 November 2025 op George Gholfklub sal plaasvind. Dit gee vir Pat en die komitee genoeg tyd om behoorlike reëlings te tref, die klub datum is reeds vasgestel en ongeveer 100 spelers kan geakkommodeer word. Dit sal ook saamval met die jaarafsluiting van Outeniqua Tak. Pat sal die NBK (NMC), en KANSA rolspelers van die besluit inlig. Jimmy sal die reëlings met George Gholfklub behartig. Pat sal die komitee betrek soos nodig, maar almal word gevra om borge vir die dag in te kry. Alle inkomste vir die dag sal aan KANSA afgestaan word.

5.2 Besoekersfooi – Weens onsekerheid oor die besoekersfooi word dit weer bespreek. Die komitee besluit dat geen Sages Geaffilieerde lede, van watter Tak ook al, die besoekersfooi hoef te betaal nie. Enige ander gaste moet egter die R50 besoekersfooi betaal. Gaste sal dus die baanfooie, R50 kompetisiefooi asook R50 besoekersfooi betaal. Sover moontlik, moet toernooi organiseerders die gaste vooraf hieroor inlig. Voorsteller: Peet Liebenberg; Sekondant: Rudy de Bruyn

5.3 Klerasie – Piet Theron lig die komitee in oor die nuwe prysaanpassings soos van die vervaardiger ontvang. Die komitee besluit om die voorgestelde nuwe pryse te aanvaar met onmiddellike effek en versoek Piet om 'n skrywe aan al die lede te rig sodat almal ingelig is van die nuwe pryse.
Voorsteller: Piet Theron; Sekondant: Peet Liebenberg

5.4 Pezula 23 September 2025 – Piet Theron, organiseerder, het terugvoer vanaf Pezula Gholf Landgoed ontvang dat Sages wel op 23 September 2025 kan speel, maar dat slegs van Bof 1 af afgeslaan kan word vanaf 09:20, en slegs 64 spelers. Dit maak dit baie moeilik vir spelers wat ver reis. Daar kan ook 24 September gespeel word, maar dit is 'n vakansiedag en bots ook met verskeie klubs se Woensdag kompetisies. Daar word besluit om die toernooi na Woensdag, 10 September 2025 te vervroeg.

5.5 Prysuitdeling na Toernooie – Na bespreking besluit die komitee as volg:

a) Al die lede moet gevra word om asseblief so vinnig moontlik te speel, aangesien Outeniqua deesdae altyd 80 of meer spelers by toernooie betrek,
b) Al die lede moet sorg dra dat hul telkaarte onmiddelik na spel by die tellinghouer ingehandig word, volledig ingevul is (datum, formaat ens.), "two clubs" met 'n sirkel gemerk is en die totale reg opgetel is,
c) Al die lede moet gevra word om te bly tot na die prysuitdeling,
d) Verwelkoming, bedankings en ander inligting sal reeds 10 minute voor die uitslae finaal gereed is begin word om tyd te bespaar.

5.6 Beskikbaarheid vir komitee van 2026 – Komiteelede wat nie vir die volgende termyn beskikbaar is nie, moet dit skriftelik aandui in 'n epos na die Voorsitter.

5.7 Voorgestelde jaarprogram vir 2026 – Gert stel 'n program voor aan die komitee waarop hulle binne die volgende week insette moet lewer. Die sekretaris sal voor einde September 2025 met al die klubs skriftelik kommunikeer om die datums vir 2026 te bespreek.

**6. FINANSIëLE VERSLAG**

Die tesourier lewer verslag oor die TBK Finansies tot en met 31 Julie 2025. Die komitee aanvaar die verslag met dank. Die komitee besluit dat die TBK fondse gebruik kan word om kompetisiegelde by Pezula te subsidieer. Voorsteller: Rudy de Bruyn; Sekondant: Peet Liebenberg

**7. VOLGENDE VERGADERING:** Soos nodig

Die vergadering verdaag om 18:00

________________________________ **19/08/2025**
**VOORSITTER** **DATUM**

________________________________ *19/08/2025*
**SEKRETARIS** **DATUM**